kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Tema: Met watter geloofwaardigheid leef en praat ons?

Lesing 1: Lukas 7:1-10 (1953)

[1] EN nadat Hy voor die ore van die volk al sy woorde beëindig het, het Hy in Kapérnaüm ingegaan.
[2] En die dienskneg van ’n sekere hoofman oor honderd, wat vir hom baie werd was, was ongesteld en het op sterwe gelê.
[3] Toe hy dan van Jesus hoor, het hy ouderlinge van die Jode na Hom gestuur met die versoek aan Hom dat Hy moes kom en sy dienskneg gesond maak.
[4] En toe hulle by Jesus kom, het hulle Hom dringend gesmeek en gesê: Hy is dit werd dat U dit vir hom doen;
[5] want hy het ons volk lief en het self die sinagoge vir ons gebou.
[6] En Jesus het saam met hulle gegaan; maar toe Hy nie meer ver van die huis af was nie, stuur die hoofman oor honderd vriende na Hom om vir Hom te sê: Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie.
[7] Daarom het ek my ook nie waardig geag om na U te gaan nie; sê dit maar met ’n woord, en my kneg sal gesond word.
[8] Want ek is ook ’n man wat aan gesag onderworpe is, en ek het soldate onder my; en vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir ’n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit.
[9] Toe Jesus dit hoor, was Hy oor hom verwonderd, en Hy draai Hom om en sê vir die skare wat Hom volg: Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so ’n groot geloof nie gevind nie.
[10] En toe die wat gestuur was, teruggaan na die huis, vind hulle die siek dienskneg gesond.

Lesing 2: Galasiërs 1:1-12

Broodjies vir die Pad

Galatians is a polemical document, seemingly composed in the heat of the moment.

This is arguably the earliest of Paul’s letters to have survived, and it is a mix of raw anger and deep insight into the human possibilities derived from the Easter experience.

In the opening section of the letter, Paul abandons any pretence of conventional civility. He asserts his authority as an apostle in the opening lines, and reiterates his claims to privileged knowledge and to apostolic authority in the lines that follow. Anyone who teaches a different form of Christianity than the one he promotes is to be accursed. In case that was too subtle, Paul repeats himself and pronounces the anathema a second time:

> *I am astonished that you are so quickly deserting the one who called you in the grace of Christ and are turning to a different gospel— not that there is another gospel, but there are some who are confusing you and want to pervert the gospel of Christ. But even if we or an angel from heaven should proclaim to you a gospel contrary to what we proclaimed to you,* ***let that one be accursed!*** *As we have said before, so now I repeat, if anyone proclaims to you a gospel contrary to what you received,* ***let that one be accursed!*** *(Galatians 1:6–9 NRSV)*

These are harsh words, and they are spoken from a position of privilege and power. Paul will have better moments in his career as a religious essayist, but he has many admirers in today’s church. The theological thought police are quick to confront deviations from approved forms of liturgy or theology. What the world needs now is more religious communities with some capacity to live with ambiguity. We need fewer fatwas and no more church edicts that divide, exclude and control the faithful. What might the world be like if the followers of Jesus were famous for our gentleness towards others, and especially those with whom we disagreed?

Once again among the readings for this week, we have a story that centres around the theme of authority. In this case, there is the explicit authority of the centurion and the ascribed authority of Jesus, who heals the centurion’s slave on request and at a distance.

Perhaps one of the themes that might be addressed in preaching this week is the question of authority: how do we recognise it, and (more urgently) how is it exercised? Is it exercised to save life, or to destroy opponents? Is our authority used to close the circle and exclude those with different views, or to push the boundaries and affirm the presence of faith in unexpected places and in diverse forms? To announce a crusade, or to proclaim a year of jubilee?

http://gregoryjenks.com/2013/05/27/pentecost-2c-2-june-2013

◆◆◆

Herfs

Die Pieke wissel in ‘n kwepergloed
wat appels en laaste druiwe voed;
die wingerde verroes tot rooi pontak
terwyl uit eikebome koperblare sak.
Die bye en jangroentjies steek suikerkanne
En kerse van die populiere brand. Ontspanne
Drink jy vonkelwyn en koer: op die dak
Lê reeds die rye boerpampoene weggepak.
Nou met broccolie, blomkool en sampioene
Spriet ‘n dieper drif en soet uit suurlemoene;
Jy smul aan borriepatats en, gesmoor of gerook,
Voel jy in jou die eerste snoek wat loop.

DJ Opperman

My Pa

My pa was geen musikant,
ook nie ‘n man van durf en daad.
Nee hy was dromer, leser, opgaarder.
Op die oog af ‘n man van raad:
dikwels die sekretaris of skriba,
ja weldoener, ‘n man van komitees.
Maar ek weet van beter:
in sy binnepraat
“Ja, Sondag is dit net ek en my God”,
was daar teleurstelling,
selfs verdriet
oor sy familie skynheilig
wat sý pa verniel het,
oor sy broer wat hy in alle
onskynlikheid,
besef ek nou, dikwels moes bystaan,
oor sy vier telge se opstand en
teëstaan.
My pa was ‘n man van stiltes,
van ‘n ander se laste eien
soos dit ‘n ankerman betaam,
van geheime graf toe dra.

Joan Hambidge

Brood vir die Pad

Die teoloog se reis - van (beter-)weet na (desperate) uitnooi

Julian Müller (Mei 2012)

Na die verskyning van my boek, ***Om te mag twyfel,*** ontvang het allerlei soorte reaksies. Onder andere kry ek die volgende faks van ‘n oom uit ‘n aftreeoord op die platteland:

Geagte Professor

Ek het u boek ‘Om te mag twyfel’ gelees. Daar het vir my effens lig begin deurskemer. Ek het baie dieselfde pad as u geloop behalwe dat ek ‘n bourekenaar in plaas van ‘n teoloog geword het.

Daar is egter ‘n kardinale verskil. U het u geloof behou, maar ek het dit verloor of nooit eers gehad nie. Moontlik is my genadetyd lankal verby. Moontlik het ek die Heilige Gees vir te lank weerstaan.

Ek bid die laaste paar dekades vir lig wat ek nie kry nie. Meestal sonder woorde want ek weet nie meer hoe om te bid nie. Die alternatief wat ek gevolg het was om te probeer leef op ‘n wyse wat ‘dink’ God sal behaag. Hulp aan my ‘naaste’, wit en swart, vriendelik, nie haatdraend, lankmoedig, saam met die waarheid loop, ens. Ek bly maar altyd onder die besef dat die ‘werke’ sonder die geloof niks beteken nie en soek by u raad asseblief.

[…]

Ek kan nie help as om te wonder wat die kerk en teologie se aandeel aan hierdie neerdrukkende Godsbeeld is nie?

So ‘n siening/verstaan van God val nie uit die lug nie – veral nie een wat so onuitwisbaar ingeprent is nie. Dit kom waarskynlik met moedersmelk gegee en dit word van geslag tot geslag versterk. Die kerk en samelewing; die ouerhuis, die skool en kultuur, die kuns en letterkunde, alles dra by tot ‘n bepaalde Godsbeeld.

Ons as teoloë moet versigtig wees om ons hande in onskuld te was nie.

Was ons nie in die verlede te seker van wie God is, hoe God is en wat God sê nie?

Bewustelik of onbewustelik het ons meegewerk aan die opbou van ‘n sisteem van leerstellinge wat die indruk skep dat ons die kennis het, of dat daar iewers kennis beskikbaar is oor presies hoe God is. Iemand iewers weet en het die regte kennis van God. En na alle waarskynlikheid sal dit die teoloog wees want dis mos wat die woord “teologie” beteken.

So die persepsie word opgebou dat iewers in die omgewing van die kerk en die teologie bestaan daar ‘n “Gods eye view” en as mense se persoonlike ervaringe net nie, al probeer hulle hoe hard, (soos die oom) daarby kan uitkom nie, dan is die fout by hulle en hulle het geen ander opsie as om skuldig te voel en verwerp te voel deur die God van die teologie en kerk nie.

Ons kan probeer verdedig en verduidelik dat in ons geref kerke sê ons dit gaan oor genade en nie oor werke nie. Dikwels word die genade tog maar ook vasgevang in ‘n sisteem. Jy’t nog steeds die regte pin code nodig om alles te laat oopgaan. Jy moet die regte geloof hê, die regte dinge doen. Dit meer subtiel as in die ou Roomse tradisie waar jy moes bieg en betaal, maar dit is steeds daar. Die kerk bemiddel die regte pin-kode en dit bly maar ‘n sisteem waarbinne jy moet inpas en ten minste die regte taal gebruik en dan gaan die hele program van genade vir jou oop.

[…]

Bonhoeffer skryf in sy *Letters and Papers from Prison*:

> ‘The God who lets us live in the world without the working hypothesis of God is the God before whom we stand continually. Before God and with God we live without God.’

Bonhoeffer was op dieselfde soort reis as die Emmausgangers – ‘n reis weg van Jerusalem af, ‘n reis van ontnugtering, teleurstelling en lyding. ‘n Reis waarop die bekende hipoteses/idees oor God nie wou werk nie.

In die Nazi-gevangenis en kamp het hy geleer dat daardie hipotese wat ons het oor God nie uitwerk nie.

Die beter opsie is “voor God en met God te lewe sonder God”

As ons dáár kan kom, is ons eers werklik teoloë. Volgens die klassieke formulering van Thomas Aquinas: *Fides quaerens intellectus.* Geloof wat soek om te verstaan. Nie geloof wat reeds verstaan bereik het nie. Soekende geloof.

Daar praat jy dan liewer minder oor God as meer; daar lewe jy liewer sonder God, maar voor God en met God, eerder as dat jy probeer om God te wees en voor te leef.

Stanley Hauerwass skryf in sy outobiografie: Taak van die teologie is om die kerk te help om minder oor God te praat.

http://teo.co.za/artikel/articles/467/1/Die-teoloog-se-reis--van-beter-weet-na-desperate-uitnooi/Bladsy1.html

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877